

## VOORBEREIDING VIR AANLYNASSESSERING

### WAT moet ek nou weet?

- *Jy is nie alleen nie – daar is hulp beskikbaar.* SOL adviseurs is beskikbaar om saam met jou te dink en planne te maak oor hoe om assessering in jou module aan te pas gedurende hierdie tyd van verandering.
- Dit is nie nodig om alle assesseringstake te herontwerp nie. Begin met wat jy reeds het en pas dit op kreatiewe wyses aan vir die aanlynomgewing en die geleentheid wat dit skep. Ons (SOL) sal praktiese voorbeelde beskikbaar stel.
- In die proses gaan jy dalk sommige ideale moet prysgee, byvoorbeeld sommige uitkomstes sal dalk nie in hierdie omgewing assesseerbaar wees nie. Hierdie unieke situasie skep egter die geleentheid om ander, gelykwaardige uitkomstes te bereik, soos dat jy vir studente die geleentheid gee om verantwoordelikheid vir hulle eie leer te neem.
- Ons beveel 'n assesseringsstelsel aan wat swaarder op formatiewe assesseringstake steun, met minder, versigtig gekose en strategies beplande summatiewe assesseringstake.
- Die gee van terugvoer op assesseringstake is veral krities vir die bevordering van studenteleer in hierdie nuwe assesseringsformaat. Jy kan ook self- of eweknie-assessering gebruik.
- Indien jy summatiewe assesseringsgeleenthede in die aanlynomgewing beplan, is dit noodsaaklik om studente hiervoor voor te berei. Jy sal duidelike instruksies in videoformaat of teks moet voorsien.
- Alles gaan nie perfek wees nie, maar dit is goed so.

### WAT moet ek nou doen?

1. Kommunikeer. Assessering is voorop in studente se gedagtes. Dit is belangrik om hulle gerus te stel en te laat weet dat jy besef die omstandighede het dramaties verander, maar dat jy vir hulle al die inligting wat hulle nodig het, sal deurgee. Jy kan dalk begin deur die volgende te deel:
  - a. wanneer hulle kan verwag om te hoor wat die alternatiewe reëlins is, en
  - b. hoe jy die nodige inligting oor die module-assessering met hulle sal deel.
2. Kyk na die assessering wat jy oorspronklik beplan het vir die eerste opkomende assesseringstydperk (A1) en dink kreatief oor hoe jy dit moontlik in die aanlynomgewing as formatiewe assesseringstake kan gebruik. Reik uit indien jy iemand as klankbord vir jou idees wil gebruik of hulp nodig het (kyk na *Wie kan my ondersteun*, hieronder).
3. Gebruik die beginsels in die [US Assesseringsbeleid](#) om jou beplanning te rig, met ander woorde, oorweeg die gebruik van projekte en/of probleemgebaseerde assessering aangesien die geldigheid, betroubaarheid en akademiese integriteit hiervan in die aanlynomgewing potensieel hoog is.
4. Hou die potensiele netwerkbeskikbaarheid (en kragonderbrekings) in gedagte wanneer jy 'n aanlyn-assesseringsgeleentheid beplan. Dink byvoorbeeld daaroor na of die assessering sinkronies sou kon plaasvind. “Quizzes” in SUNLearn kan gewoonlik vir 'n week beskikbaar gemaak word.
5. Verseker en kommunikeer 'n rugsteunplan.

### WAAR kan ek meer inligting bekom?

- ✓ Die L&O-spilpunt (“hub”) of soortgelyke struktuur in jou fakulteit, gekoördineer deur die Vise-Dekaan (L&O).
- ✓ Die aanlyn-assesseringshulpbron wat beskikbaar is op die SUNLearn module [Lecturer Support for Teaching Online](#).

- ✓ 'n Uitnodiging om aan te teken vir webinare oor aanlynassessering sal vroeg volgende week uitgestuur word.

### WIE kan my ondersteun?

- ❖ Die SOL–adviseur in jou fakulteit.
- ❖ Kollegas met kennis en ervaring van aanlynassessering.
- ❖ Die Gemengde Leer Koördineerder in die fakulteit.

### Praktiese voorbeelde (meer voorbeelde sal binnekort beskikbaar gestel word).

Vir sommige van die voorbeelde hieronder kan studente die assesseringstake aflyn voltooi en hulle antwoorde dan aanlyn indien. In ander gevalle kan jy verskillende assesseringsopsies (“tools”), wat in SUNLearn beskikbaar is, gebruik om die assesseringstake aanlyn te voltooi.

#### 1. Hoe jy 'n reeds voorbereide toets kan gebruik (byvoorbeeld 'n toets wat vir die A1 toetsperiode opgestel is):

'n Toets wat die studente nog nie geskryf het nie kan aan hulle beskikbaar gestel word sodat hulle dit in hulle eie tyd kan voltooi. Wanneer die studente die toets afgehandel het, kan jy hulle vra om een van die volgende te doen:

- Studente kan in groepe 'n memorandum opstel (deur die Forum–opsie in SUNLearn te gebruik);
- Studente kan bogenoemde “studentememorandum” of 'n memorandum wat jy voorsien, gebruik en deur middel van self– of eweknie–assessering na hulle eie of iemand anders se werk kyk en terugvoer gee;
- Studente kan ná afloop van bogenoemde terugvoerproses 'n selfrefleksie indien oor wat hulle geleer het in terme van die inhoud, waar 'n konsep of deel van die werk nog nie vir hulle duidelik is nie, ensovoorts;
- Studente kan aanlyn voorgeskrewe vrae met mekaar bespreek, of hulle kan bespreek watter waarde die proses van terugvoer gee, ontvang en daarop reageer vir hulle gehad het.
- Bogenoemde aanlynbesprekings kan gemerk word en jy kan 'n punt deur middel van 'n merkstaat (“rubric”) toeken. (Raad oor merkstate en die gebruik hiervan sal beskikbaar gestel word.)

#### 2. Voorbeelde van aflynmetodes (wat aanlyn opgelaai kan word wanneer dit voltooi is)

- Konsepkaarte (“concept maps”) waar studente aandui hoe konsepte aan mekaar verbind is;
- Projekte en/of probleemgebaseerde assesserings;
- Skryfstukke

\*\*\* Met al hierdie voorbeelde kan 'n steierwerk (“scaffolding”) benadering gevolg word waar studente byvoorbeeld eers 'n konsepkaart oplaai en terugvoer vanaf 'n medestudent of die dosent ontvang. Verdere konsepdokumente (“drafts”) kan ook op SUNLearn gelaai word vir addisionele terugvoer. Die fokus is dus op terugvoer en assessering *vir leer*, alhoewel punte ook toegeken kan word vir konsepte en pogings en/of vir die kwaliteit van die terugvoer wat gegee is. 'n Finale summatiewe assessering kan bepunt word. Studente kan ook 'n reflektiewe skryfstuk inhandig oor wat hulle geleer het. Hierdie selfrefleksie sou bepunt kon word.

#### 3. Voorbeelde van aanlynmetodes

- “Quizzes” – verskeie tipes vrae, byvoorbeeld veelkeusevrae of kort antwoorde.
- “Clicker” – stel 'n vraelys op. Hierdie metode kan ook gebruik word nadat studente na 'n potgooi gekyk het waartydens die dosent iets verduidelik het. Op hierdie

manier kan jy dus terugvoer bekom oor die studente se begrip wat nuttig is vir hulleself en vir jou.

- 'n Glossarium – studente dra by tot 'n lys van definisies, terme, konsepte, ensovoorts.
- 'n Databasis – studente laai voorbeelde op, byvoorbeeld oplossings vir probleme en videos.
- 'n Werkswinkel – studente laai hulle werk op (MSWord-dokumente, videos, konsepkaarte, ensovoorts) wat gebruik word vir self- en eweknie-assessering.

\*\*\* Hierdie voorbeelde kan vir beide formatiewe en summatiewe doeleindes gebruik word.